# WAT IS 'N VERBOND?

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING**: **HEBREËRS 10:28-29**

**Heb 10:28 As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie;**
**Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?**

-o0o-

Daar heers 'n groot verwarring oor DIE VERBOND, onder die kinders van Die Here.

Dis so maklik om uit hierdie Verbond weg te beweeg omrede dit onverstaanbaar is vir diegene wat dit wil toepas in hulle lewens. Laat my toe om jou te verduidelik wat hierdie Verbond is en wat die Woord van God daaroor sê.

Ons moet onthou dat Die Verbond wat met die kind van God aangegaan is, is die **Melgisedek Verbond.**

### 1. WAT IS DIE VERBOND IN CHRISTUS JESUS?

Die Verbond van Aäron wat later na Israel (Verbond met Dawid) verskuif het, het die Messias voortgebring, met ander woorde, dit is die eenwording.

**'n Verbond beteken eenwording**,

- Dit is wanneer 2 partye saamsmelt waaruit 'n vrug van hierdie samesmelting ontstaan of te wel eenheidsvorming.
- God die Vader het met Dawid die verbond aangegaan Israel het dit egter verwerp. Toe het God die Tabernakel met Dawid opgerig. Die eenwording met Dawid, het die Messias voortgebring.
- Maar nou, in hierdie dae het die Here 'n nuwe Verbond **IN** Christus Jesus opgerig. Daarom kan ons nie sê, dat die wet en die profete vernietig is nie. *Dit het in Christus tot vervulling gekom* en dis net so veel in realiteit deel van Hom, soos dit deel is van die hele Woord van God. Die hele Woord van God is werd om ten volle aangeneem te word. Ons kan nie dele uit die Woord uithaal en dit tot niet verklaar nie. 1Tim 4:9 Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word;

Alhoewel ons nie meer onder die Wet staan nie, het Wet in Christus Jesus nog steeds net soveel inpak in ons lewens soos wat dit moet hê. Sodra ons in 'n Verbond is, behoort ons nie meer aan onsself nie, want om in 'n Verbond te wees, beteken dit om jouself ten volle prys te gee om 'n eenheid te vorm met die een wat ek lief het.

### 2. JOODSE HUWELIK

Laat ek verduidelik hoe die Joodse-huwelik werk.

- Wanneer die jong Joodse man van sy vader se huis uitgaan en sy droom vrou ontmoet, dan bied hy haar sy liefde aan. Dit is haar keuse of sy daardie liefde gaan aanvaar of die liefde verwerp.
- Sou sy dit verwerp, dan is daar geen liefde wat daarop volg nie. Maar sou sy dit aanvaar dan gee die Joodse man vir haar 'n glasie wyn. Hierdie wyn verseël dan net daar en dan die verbond tussen hom en

haar. Dit beteken, sy mag dan nooit weer aan enige ander man behoort of na geen ander man kyk nie. Die wyn getuig van hierdie verbond wat verseël is.

- Die vrou begin dan om haarself voor te berei en versier (sy maak haarself mooi) vir die huwelik, vir wanneer die bruidegom kom om haar te haal.
    - In die geestelike ryk (realm) beteken dit ons beklee onsself met rein en fyn linne wat die regverdige dade van die heiliges is. Dit is die enigste vereiste en taak van die bruid om mooi te lyk vir haar bruidegom. Sy doen die versiering nie meer vir haarself nie.
- Die man oorhandig ook aan die bruid pragtige geskenke waarna hy dan terugkeer na sy ouerhuis en vertel aan sy ouers van hierdie pragtige bruid wat hy ontmoet en ontvang het.
- Voor die bruid se huis hang sy 'n lampie, en sy moet sorg dat daardie lampie altyd brand, omrede dat sou die bruidegom om middernag kom om sy bruid te soek, kom soek hy nie na haar nie, maar wel die lampie wat buite die huis brand. Daarom is dit die bruid se uitsluitlike verantwoordelikheid dat daardie lampie van haar altyd genoeg olie in het om te kan brand. Almal wat dan ook verby haar sal loop sal haar respekteer en haar nie pla nie, juis as gevolg van daardie lampie wat altyd brand.

### 3. <u>HEILIGE GEES</u>

Ter verduideliking van die Joodse huwelik hierbo beskryf, net so tiperend is die geesryk (realm).

*Die Gees van God:*

- Oortuig ons van ons sonde;
- Kom vertel vir ons dat die Vader ons lief het,
- Sodat ons, ons sondige toestande in ons lewens bely.

Met ander woorde Hy maak ons die hof.

*Die Heilige Gees vertel vir ons*:

- Dat ons die Bruidegom moet aanneem,
- In 'n Verbond met die Bruidegom moet gaan en met Hom versoen.
- Die Heilige Bloed van die Bruidegom moet neem om die verbond tussen die Bruid en Bruidegom te bekragtig.

Sodra ons in hierdie Verbond staan en die nagmaal beker gedrink het, mag ons nie meer aan enige ander liefde behoort nie. Ons kan nie meer die dinge van die wêreld lief kry nie, naamlik hoererye, gulsigheid, gierigheid, kwaadpratery, dronkenskap, ensovoorts. Ons mag nie meer deel hê aan die dinge van hierdie wêreld nie.

### 4. <u>DIE BLOED VAN JESUS</u>

*Die Heilige Bloed van Christus het <u>4 funksies</u> naamlik:*

- Hy het vir ons **<u>versoening</u>** gebring met die Vader, **<u>beskerming</u>, <u>genesing</u>**, want deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom en **<u>vrymaking</u>.** Die bloed van Jesus het jukke gebreek en die stroppe stukkend geslaan.

*Jesus Christus betaal die <u>oorwinningsprys</u>:*

- Hy het die vyand <u>ontklee</u>, hom <u>kragteloos</u> en <u>magteloos</u> gemaak.
    - Wanneer ons *getuig* ons is 'n kind van God, gewas deur Sy Bloed, dan moet daardie 4 eienskappe van Christus se bloed in ons lewens sigbaar wees, want ons het die reg daarop in Christus Jesus.
    - Ons lewe moet daarvan *getuig*, as ons in die samelewing daar buitekant leef. Ons kan dan nie meer vloek, drink, hoereer, skinder, ensovoorts nie, want dan laster ons teen die Bloed, andersins dan dra ons nie die vrug van die Verbond nie.
    - Ons lewe moet *getuig* dat ons in die Verbond staan met Christus, omdat dit ons eie keuse was om "ja" te sê vir die Verbond, daarom kan ons nie meer met die wêreld assosieer nie. As ons "ja" gesê het dan is daar geen omdraai kans nie, jy moet volhard tot die einde toe. Die oorwinning is alreeds aan jou

gegee en daarom moet jy jou plek in Christus Jesus ken, sodat jy kan beweeg deur Sy oorwinning en Bloed, want ons kan nie dit self uit ons eie kragte nie doen nie, maar net deur Hom. Die Woord van God sê: Jak 4:4 Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God. Wanneer ons die beker geneem het, kan ons nie meer die wêreld lief hê nie en die vrug van die wêreld dra nie.

### 5. GOD IS HEILIG

Heb 10:28 As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie;

- God is 'n God van Aller heiligheid, Toe Moses op die berg gekom het, mag nie eens 'n dier die berg aangeraak het nie, want dit was onrein. (Ex 19:12-13) Die vrees vir die Here moet weer terug kom in ons lewens, dat ons kan besef met wie staan ons regtig in 'n Verbond.
- Ons staan nie met 'n mens in 'n Verbond nie, maar met die Lewende God wat hemel en aarde gemaak het. Die God wat 'n verterende vuur is. Die Woord van God sê dat vreeslik is dit om te val in die hande van 'n lewendige God. Heb 10:29 hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?. Hoe verskriklik is dit om eendag voor 'n God met wraak en woede te staan. Open 20:11 sê dat die heelal gaan eendag voor die aangesig van God wegvlug as Hy kom met Sy wraak en Sy woede.

### 6. DIE GROOT VRAAG

- ➢ Waar staan ek en jy in ons verwantskap met Hom? Vrees ons God nog steeds?
- ➢ Besef ons dat ons staan in 'n Verbond met Hom?
- ➢ Ons kan nie God en die wêreld dien nie, ons kan nie van die beker drink en die wêreld lief hê nie, want dan maak ons van die Bloed 'n bespotting.
- ➢ Ons moet God weer begin vrees, ons moet die nagemaakte "plastiek" godsdiens los en God se aangesig werklik soek.

- ▪ Dit is alles binne in die Woord geskrywe en dis my en jou plig as kind van God om binne die Woord in te delf, om die Gees van God te vertrou om ons elke dag voor te berei; ons te maak hoe Christus wil hê ons moet lyk en wees, want ons kan nie anders lyk as ons Bruidegom nie.
- ▪ Ons moet lyk soos wat die Woord lyk, die Woord bestudeer, doen wat die Woord vir ons sê. **Ons moet een word met Hom.**
- ▪ Die eenwording moet getuig. 'n Mens kan nie n positiewe en negatiewe pool bymekaar sit nie, jy kan nie goed bymekaar sit wat anders lyk en verskil van mekaar nie, want hulle sal nie meng en bymekaar pas nie. Lig en duisternis kan nie vermeng word nie. Sonde en reinheid kan nie meng nie.

- o Dis nie 'n maklike evangelie nie, maar ons het die Gees van God.
- o Ons het God nodig om ons te help om hierdie pad te loop en ons moet die Gees van God vertrou om ons te maak soos God ons lewe beplan het voor die grondlegging van die wêreld.
- o Kom ons begin die erns van die Verbond besef.
- o God het Sy Seun gegee en Sy Bloed gegee om Sy Verbond te vervul met ons.

Is jy bereid om jou alles te gee ? Jou tyd, jou geld, jou gesin, jou alles? Wanneer jy nie bereid is om jou alles te gee nie, sal Hy nie daarmee tevrede wees nie, want **dan is jy lou**.
Alles kom Hom toe, want niks was nog ooit joune en myne gewees nie. Moenie God se goed steel en dink Hy gaan tevrede wees nie.
Moet nie God se goed wat Hy in jou hande gesit het, wangebruik en dink Hy gaan daarmee tevrede wees nie.
Ons moet hierdie dinge begin besef. Die mense is lou - daar is nie meer enige geestelike vuur in hulle nie.
Die Skrif moet in jou hart vervul word, in jou wees en in jou gees geïmplementeer word deur die Heilige Gees.
Jy moet dit uitlewe.

Mag Die Here elkeen seën wat hierdie Woord ter harte neem.

-o0o-